

SONDAG 13 JULIE 2003
 NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
 OGGENDDIENS (Vakansie)

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
	Voorsang		
Liturg	Welkom & groet		
Liturg	Gebed		
Liturg Hannes	Oproep tot lof Lof	<p>Lucado relates how one Sunday basketball player David Robinson showed up at the church and the congregation flocked him, seeking his autograph. By contrast, in the next service a homeless man sat in the front of the sanctuary, and no line formed to greet him.</p> <p>JR41 (2x) Ons aanvaar jou met die liefde</p> <p>Verjaarsdae</p> <p>JR41 (2x) Ons aanvaar jou met die liefde</p> <p>Tewell shares about a little girl who approaches her dad to hug and kiss her goodnight as he works on his computer. He quickly does so and returns to his work, but she remains by his side, saying, "but you weren't in it."</p> <p>LB205:1-3 "Bring lof aan die Vader"</p> <p>John Newton, the famous sea captain and author of the hymn, "Amazing Grace," said of heaven and eternal life: "When I get to heaven, I shall see three wonders there: the first wonder will be to see so many people there whom I did not expect to see; the second, to miss many people whom I did expect to see; and the third and greatest wonder of all will be to find myself there.</p> <p>LB423:1-3 "Kom laat ons almal vrolik"</p>	

Liturg Hannes	Oproep tot aanbidding Aanbidding	<p>Killinger tells of visiting a cathedral in Paris. While throngs of tourists moved through the church, a peasant woman, dressed in black, quietly prayed, ignoring the crowds. She had found stillness, and was meeting God.</p> <p>LB519:1-4 “Wees stil en weet”</p> <p>Oswald Chambers's little book, <i>Prayer, the Holy Occupation</i>. In this he defines the essence of prayer as "finding the mind of Christ."</p> <p>Kom, Skepper-Gees, en raak ons aan, en leer ons só die Woord verstaan - net deur u krag kan ons gehoorsaam wees. Refrein U is soos die wind wat waai, waai net waar die Vader wil. Waai oor ons, o Heil'ge Gees, en laat ons buig voor God se wil – U leer ons glo, leer ons bid, o Skepper-Gees.</p> <p>Kom, Skepper-Gees, deurdrenk u kerk, en leer ons hoe u gawes werk, want waar U werk, werk ons ook deur die Gees. Refrein U is soos die wind wat waai, waai net waar die Vader wil. Waai oor ons, o Heil'ge Gees, en laat ons buig voor God se wil – U leer ons glo, leer ons bid, o Skepper-Gees.</p>	
Ouderling	Gebedslys		
		<u>Record aan</u>	<u>Klank: Record</u>
Ouderling	Voorbidding		
Liturg	Skriflesing	2 Kron 20:1-30	Skrif
Liturg	Preek	Van angs tot oorwinning	preek
Almal	Toewyding		
Liturg	Gebed		
		<u>Record af</u>	<u>Klank: Stop Record</u>
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig
Liturg	Afkondigings		“Afkondig”

Hannes	Lied	<p>Andries se lied</p> <p>Ons is gewone mense, Here, kleipotte wat kan breek. U het 'n skat in ons gebêre - u krag wat nooit ontbreek. Ons is swak, U is sterk – ons kan op U bou. Skenk ons u krag in oorvloed, Here, leer ons op U vertrou.</p> <p>Ons word gedruk deur hierdie lewe, ons is soms platgeslaan. Ons moed kan ons so gou begewe, as ons deur donker gaan. Ons is swak, U is sterk – ons kan op U bou. Skenk ons u krag in oorvloed, Here, leer ons op U vertrou.</p> <p>U dra ons elke dag, o Vader, U troos ons met u raad. U trek ons, swakke mense, nader; U sal ons nooit verlaat. Ons is swak, U is sterk – ons kan op U bou. Skenk ons u krag in oorvloed, Here, leer ons op U vertrou.</p> <p>Jesus, ons dra in ons u sterwe, wanneer ons soos U ly. Ons sal u lewe ook beërwe; deur U oorwinning kry. Ons is swak, U is sterk – ons kan op U bou. Skenk ons u krag in oorvloed, Here, leer ons op U vertrou.</p>	
Liturg	Seën		

Ou Vertaling:

1. En daarna het die kinders van Moab en die kinders van Ammon, en saam met hulle 'n deel van die Me •niete teen Josafat gekom om te veg. **2.** Toe hulle kom en aan Josafat berig bring en sê: Daar kom 'n groot menigte teen u van anderkant die see, van Edom af, en kyk, hulle is al in H seson-Tamar -- dit is •ngedi -- **3.** het Josafat bevrees geword en sy aangesig daarop gerig om die HERE te soek, en hy het oor die hele Juda 'n vasdag uitgeroep. **4.** En Juda het byeengekom om van die HERE hulp te soek; selfs uit al die stede van Juda het hulle gekom om die HERE te soek. **5.** Toe gaan Josafat in die vergadering van Juda en Jerusalem staan, in die huis van die HERE, voor die nuwe voorhof; **6.** en hy sê: HERE, God van ons vaders, is U nie God in die hemel nie, en is U nie Heerser oor al die koninkryke van die nasies nie? Ja, in u hand is krag en sterkte, sodat niemand teen U kan standhou nie. **7.** Het U, onse God, nie die inwoners van hierdie land voor u volk Israel uit verdrywe en dit vir altyd aan die nageslag van Abraham, u vriend, gegee nie? **8.** En hulle het daarin gaan woon en daarin vir U 'n heiligdom tot eer van u Naam gebou, met die gedagte: **9.** As daar oor ons onheil kom -- swaard, straf of pes of hongersnood -- sal ons voor hierdie huis en voor u aangesig gaan staan; want u Naam is in hierdie huis; en ons sal U aanroep uit ons benoudheid, dat U kan hoor en verlos. **10.** En hier is nou die kinders van Ammon en Moab en die mense van die gebergte Se[«]r, onder wie U Israel nie toegestaan het om te trek by hulle koms uit Egipteland nie; want hulle het van hulle weggedraai en hulle nie verdelg nie. **11.** Ja, kyk, hulle vergeld ons dit deur te kom om ons uit u besitting te verdrywe wat U aan ons as 'n eiendom gegee het. **12.** Onse God, sal U nie teen hulle strafgerig oefen nie? Want in ons is geen krag teenoor hierdie groot menigte wat teen ons gekom het nie; en ons weet nie wat ons moet doen nie, maar ons oë is op U. **13.** En die hele Juda het voor die HERE gestaan, ook hulle kinders, hulle vroue en hulle seuns. **14.** Toe kom die Gees van die HERE in die midde van die vergadering op Jah siëël, die seun van Sagarjja, die seun van Ben ja, die seun van Je[«]-el, die seun van Matt nja, die Leviet uit die kinders van Asaf; **15.** en hy het gesê: Luister, almal wat uit Juda is en inwoners van Jerusalem en u, koning Josafat! So sê die HERE aan julle: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God. **16.** Trek môre af teen hulle: kyk, hulle kom op met die hoogte Hassis, en julle sal hulle aantref aan die kant van die dal voor die woestyn Jeruel. **17.** Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die HERE by julle, Juda en Jerusalem! Vrees nie en wees nie verskrik nie; trek môre teen hulle uit, en die HERE sal met julle wees. **18.** Toe buig Josafat hom met die aangesig na die aarde toe, en die hele Juda en die inwoners van Jerusalem het voor die aangesig van die HERE neergeval om die HERE te aanbid. **19.** En die Leviete uit die kinders van die Kehatiete en uit die kinders van die Koragiete het opgestaan om die HERE, die God van Israel, met 'n baie groot stem te prys. **20.** Daarop maak hulle die môre vroeg klaar en trek na die woestyn van Tekoa uit; en terwyl hulle uittrek, het Josafat gaan staan en gesê: Luister na my, Juda en inwoners van Jerusalem! Glo in die HERE julle God, dan sal julle bevestig word; glo aan sy profete, dan sal julle voorspoedig wees. **21.** En hy het met die volk beraadslaag en tot eer van die HERE sangers opgestel wat, in heilige sieraad, moes lofsing en by die uittrek op die voerpunt van die gewapendes moes sê: Loof die HERE, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid! **22.** En op die oomblik toe hulle die gejubel en die lofsang aanhef, het die HERE 'n hinderlaag opgestel teen die kinders van Ammon, Moab en die mense van die gebergte Se[«]r wat teen Juda gekom het, sodat hulle verslaan is. **23.** Die kinders van Ammon en Moab het naamlik opgetree teen die inwoners van die gebergte Se[«]r om uit te roei en te verdelg; en toe hulle met die inwoners van Se[«]r klaar was, het hulle mekaar in die verderf gehelp. **24.** En toe Juda op die wagkop by die woestyn kom en hulle na die menigte kyk, lê hulle daar dood op die grond; en niemand het vrygeraak nie. **25.** Daarop het Josafat en sy manskappe gekom om die buit in te samel en hulle het by hulle 'n menigte goed en klere en kosbare voorwerpe gekry, en het soveel vir hulle gebuit dat hulle dit nie kon wegdra nie; en hulle was drie dae lank besig om die buit in te samel, want dit was groot. **26.** En op die vierde dag het hulle in die Lofdal byeengekom, want daar het hulle die HERE geloof; daarom het hulle die plek Lofdal genoem tot vandag toe. **27.** Toe draai al die manne van Juda en Jerusalem om, met Josafat aan hulle hoof, om met vreugde na Jerusalem terug te gaan; want die HERE het aan hulle vreugde verskaf oor hul vyande. **28.** En hulle het Jerusalem ingetrek met harpe en sifers en trompette, na die huis van die HERE. **29.** En die skrik vir God was op al die koninkryke van die lande toe hulle hoor dat die HERE teen die vyande van Israel gestry het. **30.** Verder het die koninkryk van Josafat gerus, en sy God het hom rondom rus verskaf.

Nuwe Vertaling:

1. Later het die Moabiete en die Ammoniete, en saam met hulle 'n groep Me •niete, {Die gebruikte grondteks lees "Ammoniete", maar vgl. II Kron. 26:7} 'n veldtog teen Josafat begin. **2.** Josafat het berig gekry: "'n Groot menigte van oorkant die Dooie See, van Edom af, het teen u opgetrek. Hulle is al by Gaseson-Tamar, dit is En-Gedi." **3.** Josafat was bang en het by die Here hulp gesoek. Hy het 'n vasdag in die hele Juda uitgeroep, **4.** en die Judeëërs het bymekaargekom om die hulp van die Here te vra. Uit al die stede van Juda het hulle gekom om die Here se hulp te vra. **5.** Josafat het opgestaan in die gemeente van Juda en Jerusalem, in die tempel reg voor die nuwe voorhof, **6.** en

gebid: "Here, God van ons voorvaders, U is God. U heers uit die hemel oor al die koninkryke van die nasies. Uit u hand kom die mag en die krag. Niemand kan teen U stand hou nie. **7.** Dit is U, ons God, wat die vroeëre inwoners van hierdie land voor u volk Israel uit verdryf het en die land aan die nageslag van u vriend Abraham as 'n blywende besitting gegee het. **8.** Hulle het hulle hier gevestig en hier vir u Naam 'n heiligdom gebou en gesê: **9.** 'As U 'n ramp oor ons bring, of 'n oorlog om ons te straf, of pes, of hongersnood, sal ons voor hierdie tempel kom staan, voor U, want u Naam is in hierdie tempel, en ons sal na U om hulp roep uit ons nood. Hoor dan en help ons!' **10.** "Nou het die mense van Ammon en Moab en die Seerberge gekom. U het Israel met sy trek uit Egipte nie toegelaat om in hulle gebied te kom nie. Die Israeliete het daardie mense vermy en hulle nie uitgeroei nie. **11.** Maar nou vergoed hulle ons deur te kom en ons uit u besitting te wil verdryf wat U aan ons gegee het. **12.** Ons God, sal U hulle nie straf nie, want ons het nie die krag om hierdie groot menigte wat teen ons optrek, te weerstaan nie. Ons weet nie wat om te doen nie. Ons oë is op U gerig." **13.** Die hele Juda en hulle afhanklikes, vrouens en kinders, het daar voor die Here gestaan. **14.** Toe kom die Gees van die Here daar in die gemeente oor die Leviet Jagasiël seun van Sagaria, seun van Benaja, seun van Jeziel, seun van Mattanja, uit die nageslag van Asaf, **15.** en sê: "Luister, mense van Juda, inwoners van Jerusalem en koning Josafat! So sê die Here vir julle: Moenie vrees nie, moenie bang wees vir hierdie groot menigte nie, want hierdie oorlog is nie 'n saak vir julle nie, maar vir God. **16.** Trek hulle môre tegemoet wanneer hulle in die Bloeiselpas opkom. Julle sal hulle aantref by die punt van die vallei wat in die Jeruelwoestyn uitloop. **17.** Julle hoef nie te veg nie, neem net posisie in en staan en kyk na die oorwinning van die Here vir julle. Moenie vrees nie, Juda en Jerusalem, moenie bang wees nie. Trek hulle môre tegemoet. Die Here sal by julle wees." **18.** Toe kniel Josafat, en al die mense van Juda en Jerusalem het voor die Here gebuig en Hom eer betoon. **19.** Daarna het die Leviete van die Kehat-- en die Koraggroepe opgestaan en die Here die God van Israel uit volle bors geprys. **20.** Josafat-hulle is die volgende môre vroeg uit na die Tekoawoestyn toe. Terwyl die manne vertrek, het Josafat daar gestaan en hulle toegespreek: "Luister na my, Juda en inwoners van Jerusalem! Stel julle vertrou in die Here julle God, en julle sal vas staan. Stel julle vertrou in sy profete, en dit sal goed gaan met julle." **21.** Josafat het met die volk oorleg gepleeg en toe sangers laat plek neem voor die gewapende manne. Hulle het vooruit geloop in hulle gewyde klere en die Here geloof met die woorde: "Loof die Here, aan sy liefde is daar geen einde nie." {Vgl. Ps. 136:1} **22.** Juis toe, toe die sangers met die lofpysing en gebed begin, het die Here onverwagte aanvalle bewerk op die Ammoniete, die Moabiete en die mense van die Seerberge wat teen Juda opgetrek het, en hulle het die een neerlaag na die ander gely. **23.** Toe val die Ammoniete en die Moabiete die inwoners van die Seerberge aan en spaar niemand nie en roei hulle uit. En toe hulle klaar was met die inwoners van Seer, het hulle mekaar begin uitdelg. **24.** Toe die Judeëërs by die uitkykpos teenaan die woestyn kom en na die magtige vyand soek, lê daar net lyke op die grond. Daar was nie een oorlewende nie. **25.** Josafat en sy manskappe het die buit bymekaar kom maak en 'n groot hoeveelheid gekry: persoonlike besittings aan die lyke en allerlei kosbare goed. Hulle het soveel gekry dat hulle dit nie kon dra nie. Drie dae lank was hulle besig om die buit bymekaar te maak, soveel was dit. **26.** Op die vierde dag het hulle 'n samekoms gehou in die Lofdal. Hulle het die Here daar geloof, daarom noem hulle die plek tot vandag toe die Lofdal. **27.** Al die manne van Juda en Jerusalem, met Josafat aan die hoof, is toe met groot blydschap terug Jerusalem toe. Die Here het hulle bly gemaak oor hulle vyande. **28.** Hulle is terug na Jerusalem, na die huis van die Here toe, met harpe, liere en trompette. **29.** Al die koninkryke was van skrik bevange vir God toe hulle hoor dat die Here oorlog gevoer het teen die vyande van Israel. **30.** Die heerskappy van Josafat het rustig voortgegaan, en sy God het hom na alle kante toe rus gegee.

PREEKSKETS

Na Dawid het Salomo koning geword oor Israel (al 12 stamme)

- In sekere opsigte 'n baie goeie koning
- In ander opsigte: nie 'n goeie koning nie
- Voltooi die tempel (954vC)

As gevolg van Salomo se beleid skeur Israel in twee dele (925vC)

- Noordryk (Jerobeam)
- Suidryk (Rehabeam)

2 Kronieke vertel meer van die konings van die Suidryk.

- Klomp konings
- Abia
- Asa
- Josafat
- Joas
- Amasia ens...

Vanoggend staan ons 'n bietjie stil by een van hierdie konings van die Suidryk: Josafat

1. EK KRY SLEGTE NUUS (v2)

Josafat was 'n goeie koning gewees.

Maar meer as dit: hy het regtig naby aan die Here geleef.

2 Kron 20:3 "Die Here was by Josafat, want hy het sy voorvader Dawid se vroeëre lewe nagevolg. Hy het nie die Baals gedien nie maar die God van sy vader. Hy het die gebooie van God gehoorsaam en nie gemaak soos Israel nie."

Vandag sou ons gesê het:

- Hy was regtig 'n kind van die Here.
- 'n Wedergebore christen.
- God se kind.

Maar op 'n dag het daar slegte nuus gekom.

Om die waarheid te sê: hy het 'n slegte berig ontvang.

2 Kron 20:2 Josafat het berig gekry: "n Groot menigte van oorkant die Dooie See, van Edom af, het teen u opgetrek. Hulle is al by Gaseson-Tamar, dit is En-Gedi."

Heel moontlik word hier verwys na die Edomiete.

Dis ook moontlik dat dit die Ammoniete en Moabiete is wat teen Josafat kom oorlog maak (v10)

- Die feit van die saak is: dit is slegte nuus.
- 'n Massiewe army is oppad om te kom oorlog maak teen Josafat.
- En dit beteken:
 - sy land is in gevaar
 - sy mense is in gevaar

- sy koningskap (werk) is in gevaar.
- sy hele lewe is skielik in gevaar.

In ons lewens is daar ook van tyd tot tyd sulke slegte berigte:

- So en so het berig gekry dat die gewas kwaadaardig is...
- So en so het berig hekry dat die kanker versprei het...
- So en so het berig gekry dat haar man haar vir 'n egskeiding gedagvaar het...
- So en so het berig gekry dat die pos/kontrak getermineer word...
- So en so het berig gekry dat alle kredietfasiliteite opgeskort word...

Ons ken almal slegte berigte:

- Ek weet van 'n paar mense wat hierdie week slegte berigte gekry het.
- Want sien: goeie kinders van die Here (soos Josafat) kry ook van tyd tot tyd slegte berigte.
- Dawid het die slegte berig gekry dat sy kind dood is.
- Rut en Orpa het die slegte berigte gekry dat hulle mans dood is.
- Abraham het die slegte berig gekry dat hy moet trek.
- Paulus het die slegte berig gekry dat hy tronk toe moet gaan.
- Josef het die slegte berig gekry dat hy sy werk by die Potifar verloor.

2. EK IS BANG (v3)

En weet julle wat is Josafat se onmiddellike reaksie as hy die slegte berig kry?

2 Kron 20:3 “Josafat was bang en het by die Here hulp gesoek.”

Vrees

- Groot konings word ook bang as hulle slegte berigte kry.
- Kinders van die Here word ook bang wanneer hulle slegte nuus kry.

Ons hoor baie keer dat die ouer mans grootgeword het met 'n persepsie (filosofie) van “cowboys don't cry”

- Mag nooit wys dat jy bang is nie.
- Niemand mag sien dat jy ook bewe nie.
- Jy mag nie voor ander huil nie.

Ek dink dis nie net die ouer mans wat hiermee grootgeword het nie.

- Partykeer is dit die persepsie in die kerk ook.
- Julle ken mos die lekker goedkoop antwoorde van sekere christene:
 - “Moenie bang wees nie - vertrou net op die Here!”
 - “Christene het niks om voor bang te wees nie”
- Dit klink so mooi ... maar dis so vals.

Toe koning Josafat die slegte berig kry, was hy tot die dood toe bang.

- Toe storm op see kom was die dissipels bang.
- Toe Jesus in die tuin gaan bid het was Hy doodbang.
- Toe Dawid in die spelonk weggekrui het was hy bang.

Jy mag maar bang wees.

Christene is mense wat weet wat dit beteken om te bewe.

- En jy hoef dit nie weg te steek nie.

- En jy hoef nie skuldig te voel daaroor nie.
- Hierdie gebou is juis 'n plek vir mense wat bewe van vrees.

3. EK WEET NIE WAT OM TE DOEN NIE (v10-12)

As 'n mens 'n slegte tyding kry...

- En jy word bang
- Kom daar gewoonlik ook 'n gevoel van magteloosheid:
- Ek weet nie wat om te doen nie

Het julle dit ook al ervaar?

- Dis asof daai rat net nie wil inskop nie.
- Kan net nie rigting kry nie.
- My ma het altyd gesê: "Sy slaan 'n blank!"

Totale magteloosheid.

Totale besluiteloosheid.

Luister hoe het koning Josafat dit ervaar:

10. "Nou het die mense van Ammon en Moab en die Seerberge gekom. U het Israel met sy trek uit Egipte nie toegelaat om in hulle gebied te kom nie. Die Israeliete het daardie mense vermy en hulle nie uitgeroei nie. **11.** Maar nou vergoed hulle ons deur te kom en ons uit u besitting te wil verdryf wat U aan ons gegee het. **12.** Ons God, sal U hulle nie straf nie, want ons het nie die krag om hierdie groot menigte wat teen ons optrek, te weerstaan nie. Ons weet nie wat om te doen nie. Ons oë is op U gerig."

Ons het gewoonlik die antwoorde vir alles en vir almal.

- Ek kan my so verluister aan Corniël: "As daar 'n skelm in on shuis kom gaan ek hierdie ding gryp en hom daarmee slaan en dan skop ek hom in die maag en ek maak hom vas hiermee en ek bel die polisie ..."
- En die dag as dit gebeur?
- Dan val al daai planne plat.
- En jy staan daar soos iemand wat gevries het.
- Totale magteloosheid.

Ek ken nie almal van julle se lewens nie.

- Ek weet hier is mense wat in die afgelope tyd 'n huweliksmaat verloor het.
- Ek weet hier is mense wat deur hulle huweliksmaat verlaat is.
- Ek weet van mense wat finansieël baie slegte nuus gekry het.

Wat ookal die berig is wat jy gekry het...

- Miskien sê jy ook vanoggend: ek weet net nie wat om te doen nie.
- Ek weet nie waar om te begin nie.
- Dis asof ek nie helder kan dink nie.

Luister wat sê Josafat:

V12: Ons weet nie wat om te doen nie. Ons oë is op U gerig."

Here, ek het altyd 'n plan - maar op hierdie oomblik het ek nie 'n plan nie - ek weet nie wat om te doen nie - ek weet nie waarheen om te gaan nie - MY Oë IS OP U GERIG!

Theo Brink vertel 'n aangrypende gebed: (Here dra my, p2)

“Vader in die hemel, ek het 'n groot probleem. Om dit eenvoudig te stel, die probleem is ek.”

Die Vader se antwoord was: “My dierbare kind, Ek het vir jou die oplossing. Om dit eenvoudig te stel, die oplossing is Ek!”

Johan Cilliers noem dit die nulpunt van gebed.

- Here, ek weet nie meer nie.
- Ek wag nou net op U.
- Is dit nie wat Jesaja bedoel het toe hy geskryf het: “Julle krag lê in stil wees en vertrou hê”

4. EK PRYS DIE HERE (LOFPRYSING) (v5-11)

Beteken dit nou dat ek boedel oor gee?

- Dat ek nou gaan terugsit en niks verder doen nie.
- Is my probleem nou God se probleem en ek hoef niks verder te doen nie?

Nee.

Kyk wat doen Josafat.

5. *Josafat het opgestaan in die gemeente van Juda en Jerusalem, in die tempel reg voor die nuwe voorhof, 6. en gebid: "Here, God van ons voorvaders, U is God. U heers uit die hemel oor al die koninkryke van die nasies. Uit u hand kom die mag en die krag. Niemand kan teen U stand hou nie. 7. Dit is U, ons God, wat die vroeëre inwoners van hierdie land voor u volk Israel uit verdryf het en die land aan die nageslag van u vriend Abraham as 'n blywende besitting gegee het.*

Wat doen hy?

Lofprysing!

Is dit nie ongelooflik nie?

- Hy het 'n slegte berig gekry.
- Hy is doodbang.
- Hy weet nie wat o te doen nie.
- Hy weet nie waarheen om te gaan nie.

En wat doen hy nou?

- Lofprysing
- “Here...U is God...U heers uit die hemel oor al die koninkryke van die nasies...Uit U hand kom die mag en krag...Niemand kan teen U stand hou nie...”

Ons het tydens die pinkster een aand oor lofprysing gesels.

- Lofprysing is nie 'n manier om mense besig te hou vir 10 of 15 minute nie.
- Lofprysing is nie net om 'n klomp liedere te sing nie.
- Lofprysing gaan nie oor die instrumente wat ons gebruik of nie gebruik nie.
- Lofprysing is nie iets wat jy gou kan optoor nie.
- Dis nie 'n noodmaatreel om 'n slegte diens te red nie.

Weet julle wat is lofprysing?

- Lofprysing is wanneer 'n klomp mense wat slegte berigte gekry het...

- ...en bang is...
- ...en nie meer weet waarheen nie...
- ... en nie meer weet wat om te doen nie...
- ...voor God kom staan en bely: al weet ons nie op hierdie oomblik waarheen nie...
 - U heers
 - U regeer
 - U het al die mag
 - U sal sorg
 - U sal ook vir ons sorg
 - Daarom maak ons U groot
 - Daarom sing ons
 - Daarom juig ons
 - Daarom bely ons U Naam

Ek droom van die dag wat ons aandag so op die Here ingestel is...

- dat ons vir 'n paar oomblikke vergeet van die persoon hier langs ons
- dat ons vergeet van die gebreke in die musiek
- dat ons vergeet wat ander mense van ons sal dink
- dat ons sal vergeet van die instrumente waarvan ek hou of nie hou nie

Omdat ek besig is om voor die God van hemel en aarde te verskyn

- Die God wat die mag het om my grootste vrees te oorwin.

5. EK HERINNER GOD AAN SY BELOFTES (v7)

'N Tweede ding wat Josafat doen is om God te herinner aan Sy beloftes:

7. Dit is U, ons God, wat die vroeëre inwoners van hierdie land voor u volk Israel uit verdryf het en die land aan die nageslag van u vriend Abraham as 'n blywende besitting gegee het.

Here, U het 'n belofte aan Abraham gemaak.

En U het belowe dat dit 'n ewige verbond is vir Abraham en sy nageslag.

U het vir ons hierdie land gegee.

- U kan nie toelaat dat die ander nasies dit kom wegneem nie.

Die Woord van God is vol van beloftes.

- Daar is talle boeke geskryf oor beloftes uit God se Woord.
- En baie van dit is ook beloftes wat God aan jou maak.
- Hy vergeet nie van Sy beloftes nie.
- Maar Hy wil hê jy moet Hom daaraan herinner.
- Hy wil dit oor jou lippe hoor.

Tye van krisis is tye wat 'n mens God moet herinner aan Sy beloftes.

- Here U het in Psalm 23 belowe om my herder te wees.
- Toe ek U aangeneem het het U belowe om my herder te wees.
- U het belowe om my te lei na groen weivelde en waters waar daar rus is.
- My lewe is onstuimig op hierdie oomblik.
- Ek herinner U aan U belofte in Psalm 23.
- Lei my asb na die groen weivelde en waters van rus.

Tydens my dienspligtyd het die Here vir my 'n belofte gegee uit Open 3:8

“Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie.”

In tye van krisis wil Hy hê moet ek Hom herinner aan hierdie belofte.

Net so is daar beloftes in elkeen van ons se lewe.

- By die doop het God sekere beloftes aan ons gemaak.

Leef die beloftes wat die Here aan jou gemaak het.

6. HY DRA MY KRUIS

Mense sê baie keer: “Dis maar die kruis wat ek moet dra”

- “Ek sal dit enduit moet dra!”

Dis nie heeltemal waar nie.

- Jesus self kon Sy kruis nie enduit dra nie.
- Die Vader het iemand anders gestuur om Sy kruis te dra.
- Simon van Sirene.
- Hy is deur die Vader gestuur om te help dra aan Jesus se kruis.

Hoe sal jy ooit jou kruis enduit kan dra.

- Jy kan nie.
- Juis daarom het God Iemand gestuur om jou te help.
- Sy Seun.
- Sy Gees.
- Hy sal dit vir jou doen.

Kyk weer na 2 Kron 20:20

20. *Josafat-hulle is die volgende môre vroeg uit na die Tekoawoestyn toe. Terwyl die manne vertrek, het Josafat daar gestaan en hulle toegespreek: "Luister na my, Juda en inwoners van Jerusalem! Stel julle vertroue in die Here julle God, en julle sal vas staan. Stel julle vertroue in sy profete, en dit sal goed gaan met julle."* **21.** *Josafat het met die volk oorleg gepleeg en toe sangers laat plek neem voor die gewapende manne. Hulle het vooruit geloop in hulle gewyde klere en die Here geloof met die woorde: "Loof die Here, aan sy liefde is daar geen einde nie." {Vgl. Ps. 136:1}* **22.** *Juis toe, toe die sangers met die lofprysing en gebed begin, het die Here onverwagte aanvalle bewerk op die Ammoniete, die Moabiete en die mense van die Seërberge wat teen Juda opgetrek het, en hulle het die een neerlaag na die ander gely.*

Wie het die oorlog gevoer?

- Josafat?
- Nee, God!

Wie het die oorwinning behaal?

- Josafat?
- Nee, God!

Terwyl Josafat en die volk besig was met lofprijsing en aanbidding en om God te herinner aan Sy beloftes, het God self die oorlog gevoer en gewen.

Jy kan nie jou kruis enduit dra nie.

- God sal dit doen.

Jy kan nie die vrees wegvat nie.

- God sal dit doen.

Jy kan nie self by die groen weivelde en waters van rus uitkom nie.

- God sal dit doen.
- Vertrou Hom.
- Glo Hom.
- Maak Hom nou al groot.
- Herinner Hom.
- Hy sal sorg.
- Hy sal jou gee wat jou hart begeer (Ps 37:4)
- Hy sal jou onskuld laat deurbreek soos die son (Ps 37:6)
- Hy sal jou die jeugdige krag van die arend skenk (Ps 103:5)

[Verhaal: Die wonder van gebed p78]

-